VAKANTE POS: Finansiële Beampte

NG Kerk Moedergemeente George

Aansoeke word ingewag op bogenoemde vakante pos naamlik Finansiële Beampte m.i.v. 1 April 2022. (halfdag pos vir 3 dae week, 6 ure per dag)

Die pos is vir 'n tydelike vaste termyn waarvan die duur tot 'n maksimum van 3 of 5 jaar, soos deur die suksesvolle kandidate en werkgewer ooreengekom (hernubaar met die instemming van die werkgewer en werknemer). ‘n Proeftydperk van drie maande vorm deel van die kontrak.

Vereistes:
* Sterk syfer- en rekenaarvaardig.
* Kennis van MS Word, Excel, Pastel HR & Payroll is noodsaaklik
* Kennis van SAGE Online Accounting
* Kennis van Winkerk (FINKERK) sal voordelig wees
* Beskik oor goeie menseverhoudings.
* Goeie kennis van persoonlike inkomstebelasting, sal as aanbeveling dien
* Rekenkundige administrasie
* Akkuraat en vinnig kan werk

Pligte:
* Verwerking van finansiële transaksies en bankrekonsiliasie op gereelde basis tot op proefbalans stadium.
* Verwerking van salarisstrokies en indiening van staturêre opgawes
* Voorbereiding van betalings en laai daarvan op bankproduk vir magtiging
* Monitor werklike resultate met begroting
* Maandelikse rapportering aan Kerkraad
* Sekretariële take vir Finkom en Eiendomskommissie
* Jaarlikse opstel van begroting

Aansoekers moet ook aandui hoe hulle identifiseer met die gemeente se visie, naamlik: NG Moedergemeente - 'n geestelike tuiste waar ons, toegewyd aan God, saam groei, aanbid en dien.

Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud.

Vir navrae en aansoeke kontak:
* die kerkkantoor tel 044 874 2036, e-pos: ngmoeder@caw.org.za; of
* die voorsitter van die Diensverhoudingskommissie, mnr Neels van Wyk, sel 082 414 8436, e-pos: neelsvwyk@outlook.com.

Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 21 Februarie 2022